



Pasop vir die gaping... die ongeskiktheids gaping

Nieteenstaande die feit dat ongeskiktheid 'n definitiewe moontlikheid is, bly Suid-Afrikane se steeds erg onderverseker vir ongeskiktheid. Só sê die Vereniging vir Spaar en Beleggings (Asisa) se gapingsanalise vir 2013, wat aandui dat 67% van die land se werkende bevolking nie genoeg risikodekking het om hul bestaande lewenstyl te kan volhou nie, sou hulle ongeskik raak. Bo en behalwe dit het ongeskiktheid 'n negatiewe impak op hul vermoë om vir aftrede te spaar.

“**D**ie realiteit is dat wanneer mense ongeskik raak, hulle nie langer in staat is om 'n salaris te verdien nie, wat beteken hulle kan nie langer spaar nie.” sê Jaco Gouws, Risiko-produkbestuurder by Old Mutual.

Ons moet ons siening proaktief verander om hierdie uitdaging te bowe te kom.

Ongeskiktheid raak jonger mense

Old Mutual het bevind dat mense wat ongeskiktheidsreise indien, eintlik relatief jonk is, met 'n gemiddelde ouderdom van 45 jaar. “As jy daaraan dink, is 45 reg in die middel van jou werkende lewe,” sê Gouws. “As jy ongeskik raak en nie in staat is om te werk nie, kan jy ook nie verder spaar nie. Wat gewoonlik gebeur is dat jy óf van jou aftreespaargeld begin gebruik, óf van jou familie afhanklik is, of afhanklik gaan wees van 'n ongeskiktheidsstoelae van die staat wat tans R1 350 per maand is.”

Gouws sê mense is oor die algemeen vir net 25% van hul risikobeskermingsbehoefes gedek, en talle mense het hoegenaamd geen dekking nie. Dit beteken hul inkomste kan ná ongeskiktheid, wanneer hulle nie 'n inkomste kan verdien nie, van R10 000 per maand tot R2 500 daal. Vir sommige mense beteken dit selfs geen inkomste nie.

'n Onlangse eise-statistiekgyds van Old Mutual toon dat R3.1 miljard se eise in 2013 aan die groep se individuele kliënte uitbetaal is.

Dit het bestaan uit:

- 76% – Doodseise
- 13% – Siekte- en fisieke inkortingseise
- 11% – Ongeskiktheidsreise
- Minder as 1% – Afleggingseise

Verbreed jou fokus

'n Verdere komplikasie is dat talle mense wat dekking teen permanente ongeskiktheid uitneem, vergeet van tydelike ongeskiktheid of nie daaraan dink nie.

“Neem bergfietsry as 'n voorbeeld,” sê Gouws. “Baie mense beoefen die sport en die risiko van 'n beenbreuk is hoog. Die meeste van hierdie beserings is tydelik en vereis slegs 'n kort herstelperiode, maar dit kan beteken dat mense vir weke of selfs maande sonder 'n inkomste moet klaarkom.

'n Onlangse studie het bevind dat 93% van Suid-Afrikane onderverseker is teen tydelike ongeskiktheid en van hul spaargeld afhanklik is om so 'n gebeurtenis te hanteer. Dit is 40 keer meer waarskynlik dat jy tydelik ongeskik of siek sal word as om permanent ongeskik te raak. Daarom is dit belangrik om jou vermoë om 'n inkomste te verdien, te beskerm – nie net vir die langtermyn nie, maar ook vir die onmiddellike.”

Die groot besluit

Inkomste-ongeskiktheidsdekking betaal jou 'n maandelikse inkomste as jy weens 'n tydelike of permanente siekte of besering nie kan werk nie. Die maandelikse inkomste is daarop gemik om jou te help om enige verlies aan inkomste te vervang.

Enkelbedrag-ongeskiktheidsdekking betaal jou egter 'n eenmalige bedrag, maar slegs as jy weens 'n permanente siekte of besering nie kan werk nie. Die enkelbedrag kan gebruik word om vir eenmalige ongeskiktheidsverwante uitgawes te betaal, en jy kan die oorblywende geld herbelê om aan jou 'n inkomste te voorsien.

Gouws sê in die verlede het die meeste mense 'n enkelbedrag verkies, maar daar is 'n verskuiving na inkomste-ongeskiktheidsvoorsiening omdat dit kort- sowel as langtermynongeskiktheid dek. As jy 'n produk kies wat 'n enkelbedrag uitbetaal, is dit belangrik om tydelike dekking by te voeg. Dit sal jou kliënt se finansiële plan teen albei soorte ongeskiktheid beskerm.

Adviseurs kan altyd hierdie as 'n kontakpunt gebruik om vas te stel watter tipe dekking geskik sal wees vir die bepaalde lewensfase waarin hulle kliënte is.



Jaco Gouws
Risiko Produkbestuurder
Old Mutual